



TOULEIER



Roonek se gids vir partytjies

Ek en Kamermaatjie is so pas weer terug in Sandkantland nadat ons op 'n brille, pille en lisensiebesoek aan Duskantland was. En was ons nou oor die reën soos kinders oor Krismis!

Daai Suid-kaap se winde het mens nou wel amper weggewaai, maar ek het selfs in die nag opgestaan net om te luister hoe die druppels op die dak val en in geute aftjorrel en hoe die teerpad daar buite natswart onder die straatligte bly blink onder die vlae windverwaai sluiers van reëngordyne. 'n Rare belewenis vir ons woestynbewoners. En was die voedsel en wynskou op Hermanus nou waarlik 'n fees om die walviskalfies welkom te heet!

Daar was selfs 'n paar Roonekke ook, wat my bring by laas keer se belofte vir die reëls vir wanneer mens by die Bleekbene gaan partytjie hou. Die stuk is geskryf deur Chris McEvoy, 'n ware Engelsman wat sê hy is goed gekwalifiseerd vir die onderwerp."

Reël 1: Ignoreer die dragkode.

My stam vrek daaroor om 'n temapartytjie te hou. Dus is daar dikwels dikwels deeglike instruksies ingesluit by ons baie noukeurig bewoorde uitnodigings oor die tipe drag wat ons verwag jy moet aantrek.

Dit kan wissel van om te dos soos in die twintigs, als pienk te dra, of net te kom in 'n hoed en das, of iets absurds en abstrak soos *'vlieswolkies teen sonsondergang'* Verwag enige kombinasie, maar IGNOREER dit.

Ek was al by baie partytjies waar selfs die gasheer nie sy eie tema volg nie. Ons klomp is so apaties en koel dat hulle regtig glo almal moet maar net te bly wees as mens net opdaag. So, as jy daar gaan aankom in jou duur gorilla kostuum gaan jy net simpel lyk en almal gaan vir jou lag. En dit nie op 'n hartlike en goedge maniere nie.

Reël 2 Bring goeie wyn.

Bêre maar jou papsak en dooswyn vir 'n ander geleentheid. Brannas en Old Brown Sherry is so uit soos 'n 'arriveer lewendig' plakker op 'n lykswa. Of soos die in klomp dit deesdae noem, 'infra dig'. Voordat jy die frase gaan googeloer, die Latyns is *infra dignitatem* wat beteken, benede mens se waardigheid.

Ordentlike whiskey of bier is nog aanvaarbaar, maar as jy wil inpas moet jy liewer opdaag met ten minste een bottel goeie wyn, verkieslik 'n rooie. Iets wat jou gasheer sal laat opmerk: "O, ek ken hierdie een, dis goeie goed." Enige iets bokant die R50-merk sal sorg dat hulle nie die heelaand oor hulle neuse na jou sal loer nie.

Jou bydrae sal dan ook op die kombuistafel eindig waar, indien jy fatsoenlik laat opgedaag het soos jy behoort, daar al talle ander bottels wyn van variërende gehalte sal wees.

Jy sal selfs goedkoop drek ook opmerk. Voel dan genoop om te snork en onvergenoegd en so half vir jouself maar tog hardop te mompel: "Wie het die gemors gebring?" Dis wat al die ander in elk geval gaan sê van joune.

Nou ja vriende, dis al waarvoor daar die week plek is in die Touleier. Volgende keer die res van die Roonekke se partytjereëls wat sal afskop met reël nommer 3: Steel met oorleg!

Groete vanuit die wêreld waar die gas nie vry is nie en die lakendraers steeds die kitaar slaan

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur



Ons woeste wêreld

WAAR IS DIT DIE DROOGSTE?

Enkele halwe druppels skei die wêreld se droogste plekke.

Bo-aan die lys is **Arica**, 'n hawestad in Chili met 'n jaarlikse gemiddeld van 0.761 mm. Genadiglik is die stad baie humid met baie wolkbedekking, hoewel die vog dit nie tot op die grond maak nie.

Volgende op die lys is **Al-Kufrah** in Libië (0.860 mm), **Luxor** in Egipte (0.862 mm) en **Aswan** in dieselfde land (0.861 mm) is die volgende drie op die lysie.

Al-Kufrah is Afrika se droogste plek. Hy is omring deur oases en besproeiingsirkels waar perskes, dadels en appelkose verbou word. Hy word omring deur sandduine wat tot 300 meter hoog is.

Kufra kom van die Arabiese woord kafir, wat ongelowige (d.w.s. nie-Moslem) beteken. Die oase het 'n belangrike rol in die Tweede Wêreldoorlog gespeel en was die tuiste van 'n Suid-Afrikaanse lugmageskader.

Pelican Point, 'n klein aanlêplekkie aan die kus van Namibië is met sy gemiddeld van 8.13 mm die droogste plek in Suider Afrika. Dit is 'n baie gewilde bestemming vir branderryers.

POLITICI

Politici is oral dieselfde. Hulle sal belowe om 'n brug te bou selfs al is daar nie eens 'n rivier nie.

~ Nikita Chroestsjof, Russiese premier.

Toe ek nog klein was het hulle my vertel enige iemand kan president word. Ek begin dit nou glo.

~ Aangehaal uit 'Clarence Darrow for the Defense' deur Irving Stone.

Politici is mense wat, sodra hulle die lig aan die einde van die tunnel begin sien, nog tunnel aankoop.

~ John Quinton, Amerikaanse akteur/skrywer

Politiek is die kuns om stemme van die armes te kry en fondse van die rykes deur albei te belowe om hulle teen mekaar te beskerm.

~ Oscar Ameringer, "Die Mark Twain van VSA Sosialisme."

Ek het my opponente 'n aanbod gemaak. As hulle ophou lieg oor my sal ek ophou om die waarheid oor hulle te praat. ~ Adlai Stevenson

(Dankie aan Christo van Wyk)

JAMMER!

Ek pak nie 'n
woordes tryd aan
met iemand wat
ongewapen is nie

Die herkoms van ons gesegdes (13)

Komkommer: So koel soos 'n komkommer (nie die minste opgewonde nie). Wetenskaplikes het sedert die jare 1500 beweer dat die binnekant van 'n komkommer sowat 9 grade Celsius koeler is as die omringende temperatuur, hoofsaaklik vanweë die hoë waterinhoud van die vrug.

Komkommertyd: Die komkommertyd (stil tyd wanneer nie veel gebeur nie). Die komkommer kom oorspronklik uit Asië, veral Indië, en daar is lank geglo dat daar nooit veel gebeur in Indië nie. In Europa was Augustus die komkommertyd omdat die komkommers dan ryp is en die handel oor die algemeen afneem tydens die tradisionele somervakansie.

Kole: Iemand oor die kole haal (iemand berispe)

Die oorsprong is 'n ou strafgebruik uit die Middeleeue toe 'n persoon sy onskuld moes bewys deur kaalvoet oor gloeiende kole te loop. As hy gebrand het, was hy skuldig.

Kool: Die kool is die sous nie werd nie (die saak is die moeite nie werd nie) Dit beteken dat 'n volop groente soos kool nie die moeite werd is wat aan die voorbereiding van die sous bestee word nie. In Nederlands is die uitdrukking die sop is die kool nie werd nie.

Mans- en vrouebestuurders: DIE VERSKIL



Kyk na die hond se oë. Honde kan nie lieg nie.

Jy moet BAIE mooi luister!

Die spiedkop stop 'n ou omie want hy het te vinnig gery.

Hy sê: "Ek sal Omie 'n kans gee. As Oom vir my kan sê wat kom daar ver in die pad afgery, sal ek nie 'n kaartjie uitskrif nie."

Die oom sê: "Dis 'n kar."

Die spietkop sê: "Nee, Oom LUISTER nie. Is dit 'n Merc of 'n BM of 'n Volksie of wat? Kom ons probeer weer. Wat kom NOU daaraan?"

Oom: "Dis 'n motorfiets."

Spietkop: "Nee, oom LUISTER nie vir my mooi nie. Is dit 'n Kawasaki of 'n Honda of 'n Yamaha? Watter motorfiets is dit?"

Hy skryf die kaartjie uit en gee dit vir die ou oompie. Voordat hy terugstap na sy voertuig, skree die oompie:

"Wag meneer die polisieman! Hou net aan, kom luister gou-gou hier."

"Ja, Oom?"

"Sê vir my seun, as jy daar in Sunnyside staan en daar op die anner hoek van die straat staan daar 'n ding met 'n minirokkie en boetse aan, met rooi naels, so 'n klein toppie en 'n sigaret in die hand. Wat is dit?"

Spietkop: "Oom, dis 'n prostituut."

Oompie: "Nee seun, jy LUISTER nie. Is dit jou sussie, jou tannie, jou ouma of jou MA ?!"

Wanneer om stil te bly

Op haar huweliksnag vra die jong bruid die bruidegom R20 vir die eerste keer wat hulle liefde maak.

Hy is in 'n baie opgewerkte staat en stem in.

Dieselfde verhaal het hom elke keer afgespeel wanneer hulle bed toe gaan, 40 jaar lank. Hy het gedink dis 'n oulike manier om haar in staat te stel om klere en ander benodighede aan te skaf.

Toe sy op 'n dag tuis kom, was sy verbaas om haar man heeltemal hoenderkop aan te tref. Die volgende paar minute het hy verduidelik dat sy baas die personeel minder maak en dat hy afgedank is.

Hy was 59 en die kans was nie goed dat hy 'n werk sal kry wat naastebly dieselfde salaris sal hê nie. Hulle is geldelik geruïneer.

Die vrou het kalmpies 'n boek uitgehaal waarin veertig jaar se deposito's opgeteken is. Die totaal was amper 'n miljoen rand. Toe wys sy hom depositosertifikate van die bank wat meer as R2 miljoen werd is.

Met al hierdie bewyse was die man so uit die veld geslaan dat hy skaars kon praat. Uiteindelik stamel hy: "As ek geweet het wat jy doen, sou ek al my besigheid vir jou gegee het."

Dis toe dat sy hom geskiet het.

Mans weet soms net nie hoe om stil te bly nie. Vroue is soos telefone: Hulle hou daarvan dat daar met hulle gepraat word, hulle wil vasgehou en aangeraak word.

Maar as jy die verkeerde knoppie druk, word jy afgesny.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

PANNEKOEKE

'n Jong egpaar vat hul sesjarige seuntjie dokter toe. Hulle verduidelik toe dat hulle nie dink daar is iets met sy gesondheid verkeerd nie, maar dat hulle bekommerd is dat sy stingeltjie so kort gaan bly.

"Ag," sê die dokter, "voer hom net pannekoeke. Dit sal die probleem oplos."

Toe die seuntjie die volgende oggend aan die ontbyttafel kom, staan daar 'n stapel warm pannekoeke op die tafel.

"Sjoe, Ma, is dit vir my?"

"Nie alles nie. Vat net twee en los die res vir jou pa."



MISVERSTAND

Het iemand al ooit gewonder wat die verskil tussen oumas en oupas is? Die vyfjarige dogtertjie word daaglik per motor deur haar oupa skool toe geneem. Toe hy met 'n swaar verkoue aan die bed gekluister word, moes ouma die takie verrig. Daardie aand vertel sy aan haar ouers hoe verskillend die rit met haar ouma was.

"Wat het dit anders gemaak?" vra hulle.

"Wel, ouma het nie een poephol, blinde drol, gemors, bliksem, donner of harmansblierriedrup op pad gekry nie!"

BROOD

'n Man van Spanner Valley stuur sy vrou om inkopies te doen. Sy kom terug met drie kaste bier, twee kaste brandewyn, een kas rum, een kas Coke en twee brode. Hy kyk haar so en vra: "Kry ons kuiermense?" "Nee, hoekom?" vra sy. Hy antwoord: "Nou hoekom koop jy dan so baie brood?"

DIE TIKMASJEN

Die kleinkinders ontdek 'n ou tikmasjien in die huis, en nou moet oupa verduidelik.

Hy sit 'n vel papier in en tik. Hulle is verstom.....

"Waar prop jy hom in Oupa?"

"Nee, jy prop hom nie in nie."

"Waar is sy batterye dan Oupa?"

"Nee, hy het nie batterye nie."

"Wow, hoekom het hulle dit nie al lankal uitgevind nie?"

TWEE SOORTE

Daar's twee soorte mense by 'n partytjie: dié wat wil ry, en dié wat wil bly. Hulle is gewoonlik met mekaar getroud.

VREEMDELING

Die ma blaai deur 'n album. "Wie is die man met die krulhare en spiere?" vra die seuntjie.

"Dis jou pa."

"O. En wie is die vet kaalkop wat hier by ons bly?"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

'n Volbaard was net die regte ding

Daar is een ding wat jy by al die generaals wat vir die ou ZAR in die Anglo-Boereoorlog geveg gekry het. Dit is 'n ruie volbaard. Wel miskien nou nie by almal nie. Die latere kommandant-generaal Louis Botha het byvoorbeeld sy baard se groei beperk tot 'n bokbaardjie.

Maar kyk maar na Piet Joubert, Koos de la Rey, Piet Cronje en sulke ouens. Almal het volbaarde gehad.

Byna soos figure in kinderbybels voorgestel word.

Selfs Paul Kruger het probeer om 'n volbaard te dra. Moeder Natuur het egter die ou president se pogings beperk tot 'n yl kenbaard. As jy sy poging om 'n baard te dra vergelyk met iemand soos generaal Koos de la Rey, het die president sleg tweede gekom.

Wat my weer laat dink het aan die ding van baarde dra by die ou Transvalers was 'n voorval vroeg in die Anglo-Boereoorlog. Ná die slag by Modderrivier het die Boere 'n klomp Kakies gevange geneem.

Nou as daar een ding was een ding wat die Boere nooit heeltemal onder die knie kon kry nie, was dit wat om met krygsgevangenes te maak. Toe die oorlog teen Engeland verklaar is, het niemand daaraan gedink waar om die Engelse te neem wat in Boere hande sou val nie.

Die Engelse het nie die probleem gehad nie. Hulle het die Boere eenvoudig na een van hul mindere kolonies verban. Kolonies soos Bermuda, Ceylon, Indië en St. Helena het almal kampe vir Boerekrygsgevangenes gehuisves.

Ná die slag by Modderrivier het die Boere die krygsgevangenes na die Vrystaat gestuur. Pres. Steyn was beslis nie lus om gasheer vir die ongenooide gaste te speel nie en hy het hulle na die Transvaal gestuur.

Hy het die twee van die senior manne wat die krygsgevangenes moes vergesel gevra om sy persoonlike groete aan pres. Kruger oor te dra.



Die Slag by Modderrivier

As die president so sê, dan word daar so gedoen. Toe die Vrystaters egter by Kruger aan doen om hul president se mooi wense oor te dra, was hulle ontvangs nie te hartlik nie.

“Waar kom julle vandaan?” wou Kruger nors weet.

“Hoe dan nou so? Van die Vrystaat natuurlik, president,” het hulle verbaas geantwoord.

“Nou vir wat is julle gesigte dan skoon geskeer. Julle lyk vir my nes daardie Kaapse mense. Hulle is almal Rhodes-mense. Al probeer hulle soms anders voorgee,” brom Kruger nog steeds onvergenoegd voort.

NASKRIF: die Vrystaatse president, president M.T. Steyn, het self die Anglo-Boereoorlog soos 'n wafferse Ou-Testamentiese figuur heel komies met ruie baard en manel deurgemaak.

Hulle sê ons moet ons belasting met 'n glimlag betaal. Ek het dit probeer, maar hulle wou nog steeds geld hê.

Uit die wakis

Stories vir die vaak



Die vrou kry 'n oproep dat haar dogter siek is. Sy stop by die apteek vir medikasie, maar toe sy wil ry, ontdek sy dat sy haar kar se sleutels in die motor toegesluit het.

Sy kry 'n ou, geroeste klerehanger in die hande, maar weet nie hoe om dit te gebruik nie. Sy stuur 'n skietgebedjie op: "Ag, Here, stuur tog iemand wat my kan help!"

Binne minute dag daar 'n man met 'n ou motorfiets op. Hy het 'n baard en 'n ou leerbaadjie met 'n kopbeen op, klim af en vra of hy kan help.

"Ja, asseblief. My dogter is siek, ek moet dringend by haar kom en ek het my sleutels in die kar toegesluit. Kan jy die kar vir my oopsluit?"

"Ja, seker," antwoord hy en maak die deur in minder as 'n minuut oop.

Sy het die man omhels en tussen haar trane van dankbaarheid gesê: "Dankie! Dankie! Jy is so 'n goeie mens!"

Die weldoener antwoord: "Nee, dame, ek is nie 'n goeie mens nie. Ek was in die tronk vir motordief-stal. Ek is gister vrygelaat."

Die vrou het hom weer omhels.

"Dankie, Here. Ek het om hulp gevra, en u het 'n ekspert vir my gestuur!"

Is die Here goed, of wat?



Twee mediese studente loop in die straat en sien 'n ou man wat stadig met sy bene uitmekaar stap.

"Ek dink die ou man het Peltry se sindroom. Hulle loop so," sê die een.

"Nee," sê sy maat. "Dis definitief Zovitski se sindroom. Hy stap stadig, bene uitmekaar, nes ons in die klas geleer het."

Omdat hulle nie kan saamstem nie, vra hulle die ou man:

"Verskoon tog. Ons sien hoe jy loop. Ons is mediese studente, maar verskil oor die sindroom. Kan jy ons help?"

"Ja, sê die ou man, "maar ek wil eers hoor wat julle dink."

Hulle sê toe wat hul diagnoses is.. Die ou man kyk hulle op en af.

"Julle is albei verkeerd, maar julle moenie sleg voel nie."

"So wat makeer jou?" vra hulle.

Die ou man antwoord: "Ek het gedink dis 'n wind, maar ek was ook verkeerd."

Gholf en wyn is die antwoord

Die 80-jarige Italiaanse gholfspeler gaan vir sy mediese ondersoek. Die dokter is verstom. "Wat doen jy om in so 'n puik kondisie te wees?"

"Ek speel gholf. Ek staan voor sonop, speel 18 putjies en drink twee glase wyn."

"Interessant. Hoe oud was jou pa toe hy dood is?"

"Wie sê my pas is dood?" Die dokter is verstom. "Jy is 80, en jou pa leef nog?! Hoe oud is hy?"

"Hy is 100. Hy het vanoggend nog saam met my gespeel. Toe het hy op die nudistestrand gaan stap en twee glase wyn gedrink. Hy is 'n Italianer en hy speel gholf." "Wel," sê die dokter, "en hoe oud was jou oupa toe hy dood is?"

"Wie sê my oupa is dood?" "Wat!? En hoe oud is hy?"

"Hy is 118."

"Hy het seker ook vanoggend saam met julle gholf gespeel?"

"Nee, hy het dit nie vanoggend gemaak nie. Hy trou vandag."

Die dokter is teen hierdie tyd op die punt om van sy kop af te raak. "Trou? Hoekom wil iemand wat 118 is trou?"

"Wie sê hy wou?"

Ek en pa en die muisvoëls

Deur TOBIE BOTHA

Koos vertel die volgende storie:

Ons het 'n baie groot perskeboom gehad daar op die plaas in die Knysna-distrik waar ek grootgeword het. Ons het egter geweldige probleme gehad met muisvoëls wat ons baie skade laat ly het oor al die vrugte wat hulle opgevreet het.

So sit ek en pa to daarop die voorstoep en koffie drink een Sondagmiddag en terwyl on so ons koffie drink kom 'n swerm muisvoëls en hulle sak toe op ons perskeboom.

Pa vat toe sy .22-geweer en met een skoot skiet hy 10 vinke gelyk dood. Terwyl die ander vinke so wegvlieg, kry pa die breinstorm en hy sê toe vir my: "Koos, ek is nou lelik keelvol vir hierdie vinke. More maak ek 'n plan."

Vroeg die volgende oggend vertrek ek en pa toe Knysna toe na Thesen se ysterwarewinkel en daar koop pa toe 'n 44-gelling drom PlioBond.

Ons ry toe terug plaas toe en ek kon nie wag om by die huis te kom nie. By die huis gekom, rol ek en pa toe drom PlioBond daar by die perskeboom af. Pa stuur my toe waenhuis toe om twee lere te gaan haal. Ek en pa vat toe daardie gom en smeer daardie perskeboom toe met die gom dat hy so blink in die oggendson.

Ons gaan sit toe weer daar op die stoep en ma bring vir ons 'n groot ketel koffie. Ons het skaars die eerste sluk koffie gegee en daar kom die grootste swerm muisvoëls wat ek nog ooit gesien het en hulle pak daardie boom toe dat jy nie 'n perske of blaartjie kan sien nie.

Ek wil toe boom toe hardloop, maar pa sê vir my: "Wag! Wag! Gaan haal vir my die sweep in die pakhuis."

Pa vat toe die sweep en die twee van ons stap af na die perskeboom. Toe ons daar by die boom kom, gaan staan ons langs hom en Pa klap toe daardie sweep. Toe hy hom die tweede keer klap, toe ruk daardie muisvoëls die perskeboom tak en wortel uit die grond uit.

Ons het ons perskeboom verloor, maar dit was die laaste keer dat muisvoëls ons ooit weer gepla het.

KAMMANUUS SOEK NOG LIEGSTORIES!

Taxidrywer skrik hom flou

Die passasier tik die taxidrywer op sy skouer en sê vir hom iets. Die drywer skree, verloor beheer oor die kar, mis 'n aankomende bus met 'n haarbreedte, ry oor die sypaadjie en kom sentimeters van 'n vertoonvenster tot stilstand.

Vir 'n oomblik is alles doodstil, toe sê die drywer:

"Kyk meneer, dit moet jy nooit weer in jou lewe aan my doen nie. Ek het my half dood geskrik!"

Die passasier vra om verskoning en sê hy het nie geweet die klop op die skouer sou hom so laat skrik nie.

Die drywer antwoord: "Alles reg - eintlik is dit my skuld. Jy sien dit is vandag my eerste dag as 'n taxidrywer. Vir die afgelope agtien jaar het ek lykwaens bestuur!"

Só maak mens

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

Volg SO MAAK MENS van nou af direk op die webwerf:

<http://www.onsdorp.com/somaakmens/index.html>

En ook op TUNA RADIO: <http://www.tunaradio.net/>

of luister na die weeklikse insetsetel by <http://tunein.com/radio/Tuna-Radio-s188425/#>

Kammanuus groet nou vir eers vir Retha, en sy groet op haar beurt met die volgende resep:

MILJOENERSBROSBROOD

250g sagte botter of margarien	5ml vanielje geursel
100ml suiker	800ml koekmeelblom
125g gepelde amandels, gekap	1 eiergeel
25ml brandewyn	versiersuiker

Voorverhit die oond tot 160C en voer 2 bakplate uit met bakpapier. Verroom die botter of margarien en suiker goed saam tot lig en romerig. Klits die eiergeel, brandewyn en vanieljegeursel by. Voeg die meel en amandels by en knie tot 'n sagte deeg. Rol in bolletjies, druk effens plat en pak op bakplate. Bak 30 minute tot gaar, maar steeds lig van kleur. Pak warm in 'n bak met versiersuiker en laat dit so afkoel. Voila!

Mooiste groete!

STAMBOOM

Help ons familiespeurders

ACKERMANN zebeth@ampath.co.za

Ek soek meer inligting oor die stamlyn van Rudolph Heinrich, sy seun Thomas Ludwich, gebore in Hamburg 01.05.1790), 1ste seun Rudolph Hendrik (17.04.1816), sy (?5de) seun Johan Andries (my oupa) vermoedelik in 1850 gebore. Getroud met Vermaak

BARNARD bbproperties@iway.na

Stamvaders: Marthinus Christoffel Barnard/Genoem Marthiens/Gebore 3.6.1884 en Oorlede 19.7.1966/Getroud met Stefina Lourina du Toit Gebore 26.9.1893 en oorlede 4.7.1973

BOTHA ctbotha@vodamail.co.za

My volledige name is Christoffel Theunis Botha Gebore Groot Marico , Straatsdrif My oupa was Christoffel Theunis Jacobus en my pa Christof Jacobus Botha

BUYS bbproperties@iway.na

Op soek na stamboom van Johanna Catharina Kruger Gebore 10.10.1884 en oorlede 30.11.1968 Getroud met Johannes Hendrik Buys gebore 31 Julie 1876 en oorlede 15 Julie 1934. Johanna 'n afstammeling van Paul Kruger.

KRUGER coetzeemarilyn@gmail.com

Pieter Hendrik Kruger *1853 waar? dood: wanneer, waar?

Andries Bernardus Johannes en Hester Margaretha Coetsee, kinders van...

PRETORIUS ansiepret@vodamail.co.za

Inligting aangaande voorouer Johannes Lodewicus PRETORIUS 7 Des 1877 -1932. Inligting van ouers en susters indien moontlik

STRYDOM marlene.strydom@gmail.com

Ek is getroud op Alexanderbaai op 6-2-1960 met Michael Daniël Strydom. Hy is gebore te Calitzdorp op 7-12-1935

SWANEPOEL memory.kleinhans@gmail.com

My pa se name was Johannes Andreas swanepoel gebore in 1910 en oorlede 1978. Sy ouers het in Knysna gebly en hy het vir die minisipaleit gewerk. 6 kinders gehad 4 van sy eerste huwelik en 2 van sy 2de huwelik met Aletta Jacoba Meiring. Dis al inligting wat ek het. Ken geen ooms of tantes aan my pa se kant van di familie nie. Hoop daar is iemand wat meer inligting het.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



"Mense, die persoon wat daardie stank op papier kan bewoord is nog nie gebore nie."

['n Hele paar lesers het hierdie storie ingestuur.]

In die vroeë 1990's word ek vroeg een oggend wakker geklop deur een van my veewagters. Hy hou versigtig sy toegevoede boshoe na my uit. Toe ek die boshoe oopmaak was daar 'n babamuishondjie binne-in. So het ons avonture met Loopy begin.

Sy was te dierbaar en het as een van die gesin grootgeword. 'n Vriendelike, spelerige ou dingetjie. Die boerboel, Bruno, en die worshond, Chappies, was haar grootste maats. Hoewel baie mense my gewaarsku het oor die muishond se bekendste wapen het ek oudergewoonte my gat aan hulle afgegee. Loopy het nooit van haar chemiese arsenaal gebruik gemaak nie. Trouens, ek het gedink dat sy al vergeet het dat sy oor so iets beskik.

'n Goeie vriend van my, Dirk, het een Saterdagmiddag kom kuier. Dirk se grootste liefde was Red Heart Rum, gevolg deur vuurwapens. (Ken iemand dié Dirk? Klink of hy in Charlie Kompanie was). Hy het 'n ou haelgeweer saamgebring, van die tipe wat nog hane gehad het. Ons het op die geelhoutriempiesbank op die stoep gesit. Loopy het oudergewoonte op haar kussing bo op die bank rustig gelê en slaap.

Dirk wou die haelgeweer uittoets met AAA-patrone. Ek het hom gekeer en hom 2 haelpatrone gegee waarvan die haelkorrels verwyder was. Hy het die geweer gelaai, die hane teruggetrek en die sneller gedruk.

Absoluut niks het gebeur nie. Hy het dit drie of vier keer gedoen en die geweer wou nog steeds nie afgaan nie. Ek het toe die huis ingegaan om vir ons vloeibare verversings te kry. Terwyl ek weg was, het Dirk weer die haelgeweer gelaai, dié keer met die bokhaelpatrone. Ons het rustig gesels toe Dirk weer die haelgeweer optel, na die sinkdak mik en die snellers druk.

Die resultaat : TOTALE CHAOS! Die feit dat hy die sinkdak moer toe geskiet het was die minste van ons probleme. Dinge het toe teen ligspoed gebeur. Loopy het met 'n weersinswekkende kreet opgestyg, soos 'n tol in die rondte gedraai en haar chemiese wapen in die oortreffende trap in werking gestel.

Mense, dit was verskriklik. Toe die eerste sarsie my tref, het ek onwillekeurig oor die stoepmuur geduik en die grond snoet eerste getref. Bruno, die boerboel, het opgespring en tjankend teen die stoepmuur vasgehardloop. Hy het terselfertyd 'n reuse-aanval van "gippo-guts" gekry. Chappies, die worshond, het 'n perfekte pirouette uitgevoer, gevolg deur 'n agteroor salto wat hom 'n goue medalje op enige Olimpiese Spele sou laat wen het.

Dirk het geskok opgespring, gegly op Bruno se stront en die sementvloer met 'n dowwe slag getref. Hy het toe blitsvinnig die trappe afgeseil. Dirk, ek en die twee honde het in 'n toestand van totale, absolute skok op die grasperk hergroepeer.

Mense, die persoon wat daardie stank op papier kan bewoord is nog nie gebore nie. Dit was nbeskryfbaar. Dit het geruk asof elke sweetgaatjie wat jy het in 'n dooie rot verander het. Ons het bewend van skok en ongeloof op die grasperk gestaan. Trane van verontwaardiging en selfbejammering het oor ons wange gerol.

Die honde het so gebewe en geruk dat ek enige oomblik verwag het dat hulle gaan beswyk. Hulle was te bang om genoeg asem te skep om te tjank. My vrou het die deur oopgeruk en dadelik weer toegeslaan. Sy het twee oorpakke en 'n

blok seep deur die ruit in ons rigting geslinger en ons duidelik in kennis gestel dat ons nie die huis sou betree alvorens ons die stank afgewas het nie.

In daardie stadium het Loopy, met haar kenmerkend oulike draffie, die trappe afgekom om te kom kyk waarom die bohaai gaan. Die honde het vreesbevinge en tjankend, stert tussen die bene, koers gekies skaapkraal toe. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek gesien het dat 'n boerboel net so vinnig, indien nie vinniger, as 'n windhond beweeg.

Ek en Dirk het die akkerboom met 'n spoed bestyg. Loopy het gelukkig omgedraai en haar middagslapie op die bank gaan hervat. Ons het toe, redelik haastig, na die sinkdam beweeg om die stank af te was. Dit was winter in Standerton. Die water was net-net bo vriesspunt. Dit het ons geensins gepla nie. Ons het ingedui en dadelik begin was.

Dit het nie baie gehelp nie. Ek dink dat 'n rioolplaas soos Old Spice-deodorant in vergelyking met ons sou geruik het. Die honde, wat redelik skrikkerig was vir water, het instinktief besef dat indien hulle wou oorleef, ook sou moes bad. Hulle het toe ook in die dam ingespring.

Nadat ons gewas en aangetrek het, wou ons die huis binnegaan. Die Riller, met wie ek in daardie stadium getroud was, het volstrek geweier. James, wat in die tuin gewerk het, het die klerasie wat ons ten tyde van die aanval aangehad het, op 'n hoop gehark, met diesel deurweek en aan die brand gestee. Ons het toe maar besluit om in die skeerskuur te gaan slaap.

Gewapen met 'n sak stronke, 'n swanniebraaier, 'n pak wors en 'n bottel mampoer, het ons onself maar tuisgemaak in die stoor. Dit was 'n droewige en onvergeetlike nag. As die koue ons nie wakkergehou het nie, was dit die stank of die honde se nagmerrie oor die dag se gebeure. Ons het vroeg die volgende oggend weer in die sinkdam gespring. Hierde keer het dit darem gehelp.

Loopy het, vader sy dank, tot haar afsterwe nooit weer haar chemiese wapentuig benut nie. Ek, Dirk en die honde het haar tot haar einde toe, met 'n nuwe respek, gekoppel met 'n doodse vrees bejeën.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 9 SEPTEMBER